
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za



die beloning van **gehoorsaamheid** en **onderdanigheid**

Gehoorsaamheid aan Goddelike onderdanigheid soos voorgeskryf in Sy Woord, bring beskerming, krag, God se goedkeuring en seën. Sy Woord belowe dat as ons onsself verneder sal Hy ons verhoog.

Gehoorsaamheid aan Goddelike onderdanigheid soos voorgeskryf in Sy Woord, bring beskerming, krag, God se goedkeuring en seën. Sy Woord belowe dat as ons onsself verneder sal Hy ons verhoog.

God se onderdanigheid rangorde in die Bybel is:

1. Onderdanigheid aan God Jak.4:7
2. Onderdanigheid aan Owerhede Rom.13:1
3. Onderdanigheid aan geestelike leiers Heb.13:17
4. Vrouens aan Mans Efs.5:22
5. Kinders aan Ouers Efs.6:1
6. Diensknegte aan Here Efs.6:5
7. Onderdanigheid aan mekaar Efs.5:21

Jesus het onderdanigheid aan gesag verstaan en dit altyd toegepas. Hy het in Joh.5:30 gesê: **Ek kan uit Myself niks doen nie..... omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het."** Hy bevestig Sy onderdanigheid aan Sy Vader waar Hy in Joh.5:19 sê: "**Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so."**

Die hoofman wat na Jesus gekom het vir sy dienskneg se genesing, het verstaan dat Jesus 'n man van Gesag was en het ook die konsep van gehoorsaamheid aan gesag verstaan. In Luk. 7:8 sê hy aan Jesus: **"Want ek is ook 'n man wat aan gesag onderworpe is, en ek het soldate onder my; en vir hierdie een sê ek : Gaan ! en hy gaan; en vir 'n ander een : Kom ! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit."**

Toe Jesus dit hoor, was Hy oor hom verwonderd, en Hy draai Hom om en sê vir die skare wat Hom volg: Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie.

Jesus het die verklaring gemaak, dat die hoofman se begrip van gehoorsaamheid aan gesag, direk gekoppel is aan die graad van sy geloof! Ware onderdanigheid in gehoorsaamheid aan God se Woord vereis altyd geloof.

Jesus het Homself aan God die Vader tot die dood onderwerp, omdat Hy geweet het dat Hy Hom uit die dood sou opwek. Dit was die uiterste stap van onderdanigheid, wat ook die uiterste geloofsdaad geverg het en wat gelei het tot die grootste verheffings daad van alle tye. Jesus sit nou aan die Regter Hand van die Vader en is gegee 'n Naam bo alle name: Koning van die konings en Here van die here (Fil.2:9). Ons vertoon ons vertroue in God deur ons onderdanigheid en alhoewel dit 'n posisie is waar ons onsself verlaag, is dit verseker NIE 'n SWAKHEID nie. Glad nie! Jesus was verseker nie swak omdat Hy Homself verlaag het om na die kruis te gaan en gekruisig te word nie. Inteendeel, onderwerping aan God se Wil verg vertroue en krag om gehoorsaam te wees.

Die vyand, Satan het egter tot 'n groot mate daarin geslaag, om die mense te laat glo dat die teenoorgestelde waar is – maar ons weet dat hy die vader van die leuen is en God se Woord verdraai sodat hy die wat hom glo kan bedrieg. Onderwerping word in die wêreld gesien as ondergeskik, swak, ruggraatloos en minderwaardig en ons word aangemoedig om "op te staan vir onsself," "veg vir ons regte" ens. Regdeur die wêreld hoor ons, in hierdie dae, meer en meer oor mense REGTE, vroue REGTE, kinder REGTE, homoseksuele REGTE ens., soos rebellie en wetteloosheid toeneem en die gees van die Antichris. in die Nuwe Wêreld Orde intree.

God weet presies wat hy doen wanneer Hy Sy kinders beveel om in sekere omstandighede onderdanig te wees. Dit is Sy manier om ons beskerming en welstand te verseker. Jesus, wat te alle tye en onder alle omstandighede aan die Vader onderdanig was, kon in Joh.14:30 sê **"want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie."** Satan het geen houvas op Jesus gehad nie, omdat Hy ten volle gehoorsaam en onderdanig aan die Vader en Sy Woord was.

Ons weet dat ons in 'n tyd leef wat gekenmerk word deur vreemde en totaal onbybelse verskynsels, bv. jy kan 'n rekenaardiens raadpleeg om jou "so genaamde ideale" huweliksmaat te ontmoet. Jou persoonlike inligting en voorkeure word in die rekenaar gevoer en die rekenaar kom na vore met die "perfekte" maat wat by jou pas.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die belonging van….)

Ons weet natuurlik dat dit snert is, want twee mense sal slegs 'n suksesvolle en blywende huwelik hê as God hulle saamgevoeg het. Wanneer dit gebeur, sal hulle nie net bymekaar pas nie, maar hulle SAL EEN WORD.

'n Huwelik is veel meer as 'n vennootskap. Dit is nie die gee van 50% van die een, en 50% van die ander om 'n 100% sukses te kry nie. Nee, dit is die gee van 100% van die een plus 100% van die ander, wat hulle een maak.

In Openbaring, bestraf Jesus die kerk van Efese omdat hulle hul **".....eerste liefde verlaat het"** (Openb.2:4).

Eerste liefde gaan verlore wanneer huweliksmaats ophou vra wat hulle vir die geliefde kan doen en begin vra wat die geliefde vir hulle kan doen! Toe ons verhouding met Jesus nog nuut was, kon ons nie genoeg vir Hom doen nie uit liefde en dankbaarheid, daar bestaan egter altyd die gevaar dat soos ons taan, ons begin wonder wat daar vir ons in is. Op hierdie punt is dit nodig om na die begin terug te gaan, soos die Skrif ons wel beveel **"bekeer jou en doen die eerste werke."** (Openb.2:5). Dieselfde geld vir ons huweliksverhouding. Wanneer ons op 'n plek kom waar ons onsself afvra "Wat is in dit vir my" "wat kry ek uit dit?" Kan ons seker wees dat die eerste liefde verlore is.

Ons moet berou hê en weer die dinge doen wat ons aan die begin van die verhouding gedoen het. Dink terug toe ons verlief geraak het en wat dit was wat ons na mekaar aangetrek het en wat ons vir ons geliefde gedoen het. God sal altyd ons besluit om ons eerste liefde terug te kry eer, eerstens in ons verhouding met Hom, maar ook in ons verhouding met ons huweliksmaat en ons naaste.

Die vraag oor onderdanigheid in die huwelik is nie altyd gewild nie en is dikwels uit onkunde verontagsaam. Die Bybel draai nie doekies om aangaande onderdanigheid nie. Die doel van die vrou se onderdanigheid aan die man, is sodat hy sy beskermende rol teenoor haar kan vervul.

Wanneer die onderwerp onder bespreking kom, dat 'n vrou onderdanig aan 'n man moet wees, word dit met minagting bejeën! Die vyand van ons siele en die prentjie wat deur die wêreld geskilder word weerstaan albei soos 'n Middeleeuse gedagte en praktyk. Voorstanders van Vroue regte en Vroue beweging sal nie so 'n idee duld nie en hulle besef nie dat hulle reg in die hande van die duiwel speel nie.

Sien jy, onderdanigheid is nie 'n swakheid nie, maar 'n God geordende plek van Krag. God geordende onderdanigheid, soos in Sy Woord beskryf, is 'n plek van veiligheid en beskerming. Dit is waarom Satan dit so haat – want dit knip sy vlerke! Geen wonder dat hy daarmee spot en sy bes probeer om dit in die vrouens se oë te verkleineer nie.

Die man is die hoëpriester van God in sy gesin en in daardie posisie is hy ook *beskermer,* fisies en geestelik.

As 'n vrou egter onder hierdie beskerming wat God ingestel het, uitbeweeg en sy hierdie hoofskap van haar man oor die gesin toe-eien, hoe subtiel ookal, stel sy haarself bloot aan allerhande demoniese invloede en aanvalle.

Volgens die Woord van God is "'n gees van Isébel" 'n "manipulasie gees", wat dieselfde as waarsêery en afgodery is en dit is eintlik rebellie in God se oë.

1 Sam.15:23: **Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery.**

Die vrou wat aan "manipulasie en rebellie" 'n plek gee, is sonder beskerming, sonder *dekking.* God het in Sy wysheid, die man as dekking, vir haar eie veiligheid, daar geplaas. Maar Satan is nie genoë met 'n *onderdanige vrou* nie, want dan kan hy haar nie bykom nie. Daarom probeer hy so hard om vrouens na vore te laat kom, ONAFHANKLIK van die man, ONDER SY DEKKING UIT. Satan noem hierdie moderne beweging "Vroue Regte" of die "Vroue Beweging" en misleide vroueharte is bly, want nou is die man nie langer hulle baas nie en hulle is VRY!

Hierdie soort *vryheid* is totaal uit lyn met die Wil van God en BAIE GEVAARLIK! Dit is in werklikheid glad nie vryheid nie, maar bring hulle in slawerny van die vyand. Hulle speel reg in Satan se hande!

Kom ons lees 'n wonderlike gedeelte in die Bybel in verband met onderdanigheid. Ons begin lees van 1 Petrus hoofstuk 2 en vers 18, regdeur tot by hoofstuk 3 en vers 6.

1 Petrus 2:18-25: "DIENSKNEGTE, wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is. Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly.

Want watter roem is daar as julle verdra wanneer julle sonde doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly – dit is genade by God.

Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan volg;

Hy wat geen sonde doen nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel;

wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.

Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele.

"...Die Bybel draai nie doekies om aangaande onderdanigheid nie. Die doel van die vrou se onderdanigheid aan die man, is sodat hy sy beskermende rol teenoor haar kan vervul...."

PLIGTE VAN VROUE EN MANS.

1 Pet.3:1-6: **"Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word.**

as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het.

Julle versiering moet nie uiterlik wees nie, haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie,

maar die verborge mens van die hart in die onverganklike *versiering* van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.


Want so het vroeër ook die Heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig, soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie." (as jy genoeg geloof het en nie vrees nie)

Dit is noodsaaklik dat jy 'n studie maak van die voorafgaande Skrif gedeelte want dit bevat belangrike instruksies aan God se kinders in verband met die huwelik.

As ons by vers 18 van 1Pet.2 begin lees, sien ons dat die Here daar instruksies gee aan diensknegte om onderdanig en eerbiedig te wees aan hulle here (meester), NIE ALLEEN AAN DIE HEER WAT GOED EN VRIENDELIK IS NIE, MAAR OOK AAN DIE WAT HARD IS! (1 Pet. 2:18)

(Vervolg op Bl. 6)

A BLESSED FAMILY



Just as a physical house is not put together per chance, but according to a plan, the same is true of a family. A house must have a proper, strong foundation. A family must have a God-appointed government. This order is God's structure for the family.

How is a family established?

Just as a physical house is not put together per chance, but according to a plan, the same is true of a family. A house must have a proper, strong foundation. A family must have a God-appointed government. This order is God's structure for the family.

(Ps 127:1, Prov. 14:1, Matt 7:24-27, Eph 6:1-4, 1 Pet 2:9-10, Ps 68:6)

What is God's order for the family?

Christ is the Head of the husband and the husband is the head of the wife.

(1Cor 11:3, Col 1:18, Eph 5:23-25)

What is meant by order of authority?

God is the Head of everything. Under God's Headship there are three sections: Christ is Head of the Church under whom the elders (church leaders) fall. The husband is the head of the wife and of the family. Rulers are heads of tribes and nations.

(Heb 13:17, Eph 6;1-2, Eph 5:23, Rom 13:1-4)

Does this authority or headship mean superiority?

Definitely not. Here is a list of things which authority IS NOT:

It is not Dictatorship. **It is not** Inequality of husbands, wives and children. **It is not** Inferiority of the wife.

It is not Superiority of the husband. God's order of authority is designed to produce Divine Order.

What is the responsibility of the husband as head of the family?

He must recognise and confess that Jesus Christ is LORD of every area of his life. He must accept the fact that God has entrusted this authority to him and that he in turn is subject to authority. A husband can only successfully practise his headship in the family as he submits to God's Authority and Headship. This is the Biblical foundation. Eve, the first wife ever, was made to be Adam's companion and helper and God created her from his rib. It is interesting to note that she was not made from his foot to be stepped upon; nor was she taken from his head, so that he could dominate her; but that she was taken from his rib, his side, close to his heart, so that he could love her and they could walk side by side in fellowship with their Creator. A husband must acknowledge that he and his wife have become "one flesh" and that he is required to leave his father and his mother and cleave to his wife. Many marriages become unstuck at this point, because of the strong bond that can exist between a mother and son. He must be on guard against this. He must acknowledge that he and his wife are ONE, just as Christ and His Church, the Body of Christ, are ONE. He must LOVE his wife, just as Christ loves His Church, His Bride. He must know the character and nature of this love, which is a choice and is Agapé love. He must love his wife as he loves himself. He must in a sense lay down his life for his wife as Christ lay down His Life for the Church. He must NOURISH his wife, which means that he must care for her physical and spiritual well being. He must CHERISH his wife, which means that he should treasure her as God's good gift to him. She needs to be fostered emotionally, as well as spiritually and physically.

(1 Cor. 11:3, Gen 2:18, Gen 2:22 - 25, Matt 19:4-6, Eph 5:2, 1 Cor. 13, Eph 5:25-31)

What is the responsibility of the wife?

The husband and wife are equal as persons, but not in responsibility. She must accept her responsibility with the right attitude. The wife is not inferior to the husband and need not compete with him. Husband and wife are of equal importance, but not of equal position. She must have a submissive spirit. It is interesting to note that the meaning of the Hebrew word for "submissive" is "to be under the protection of someone". She must respect her husband and his decisions. Her submission to him must be as unto the Lord in faith and obedience, with joy in the knowledge that God is in control. She must honour her husband as her head and protection. She must aspire to have a quiet and gentle spirit. She must acknowledge that husband and wife together are heirs of the grace of

(Continued from page 3 - A blessed family...)
God. She must be trustworthy and loyal. The wife completes her husband. She is his helper, a source of encouragement, a comfort and a friend. She must be hospitable. She must be a home-maker, which includes orderliness, tidiness and warmth. She is the "heart" of the family whilst allowing her husband to be the "head".

Eph. 5:25, 1 Pet. 3:1-7, 1 Tim. 3:11, Gen. 2:18, Heb. 13:1, Prov. 31:10-31

What is the Bible's view on children?

Children are a HERITAGE and a gift from God. Children are like arrows in the hand of a mighty man, sharp, purposeful, a driving force. Children are a blessing, a gift, and a prize from the Lord. Children are a crown and glory of their forefathers. One of the great privileges that God has given man is the ability to procreate children after his own kind and image. Children are created in a most wonderful way.

"...The best gift a father can give to his children is to love their mother...."

(Psl. 127:3-5, Ps. 128:3-4, Prov. 17:6)

What are the parents' responsibilities towards the children?

The best gift a father can give to his children is to love their mother.

Babies are to be dedicated to our Heavenly Father in the Name of Jesus in thanksgiving for their birth. Hebrew children were dedicated to the Lord in the Temple when they were small babies and again at the age of twelve, when they were able to take responsibility for making decisions concerning their ongoing walk with God. Children must be taught the Word of God from an early age as this is the parents responsibility, remembering that tuition by Sunday school teachers is an extra. Children must be reprimanded when it is necessary. Foolishness, stupidity and disobedience occur in the young, but if rebellion is left unchecked in a child it will eventually destroy not only him but bring strife, humiliation and disgrace to the family. Children must be trained and taught in the ways of the Lord according to His Word. Definition of TRAINED: to form character through exercising discipline and preparation through tuition by repetition, and if necessary not to spare the rod. (Prov. 23:13)

Andrew Murray wrote the following:

Training is more than tuition. By teaching a child, he will know what to do, but by training a child, you influence him and you make sure that he does it. Teaching pertains to the MIND. Training pertains to the WILL. Prevention is better than cure. True training is not to supervise and correct mistakes, but to supervise so as to **prevent** mistakes. The highest goal with true discipline must be to LEAD a child so that he realises he can be obedient and act correctly and find happiness in doing so. Habits must precede principals. A child's body develops during his first years at a greater rate than does his mind. Habits, more than instructions, prepare the way for obedience. Emotions play an important role. The early years of a child are characterised by buoyant emotions and great susceptibility to impressions. The parent must use this time to cultivate the child's emotions to assist his inclination towards wholesome and Godly things. EXAMPLE IS ALWAYS BETTER THAN INSTRUCTION. THE POWER OF EFFECTIVE EDUCATION LIES NOT IN WHAT THE PARENT SAYS OR TEACHES, BUT LIES IN WHAT HE IS AND DOES. **We cannot implant ideas into our children if we do not strive towards them ourselves, or set standards for them which we as parents do not keep!! Only when we practise what we preach are we in the position to teach others how to live. Love which attracts is more powerful than the law which demands. Love never seeks it's own benefit, and this is how the love of parents should be.** This love, inspired by Divine Love, exerts a tremendous influence on the family and is the secret ingredient of successful discipline. Children must obey their parents in the Lord and in all things. They must honour their parents. Remember, however, parents, that children must not be provoked nor teased, but must be trained up in the fear of the Lord.

No matter how bad a situation looks, no matter how broken a marriage seems or how wayward a child has become or how lonely or trapped you may feel, always remember that God is able to change hearts and circumstances.

Make a quality decision right now to believe that your Heavenly Father will bring order out of chaos and resurrection out of death. He is not only supremely able, but is also willing. Reach out in prayer, supplication and fasting, making your needs known to Him! Fasting together with prayer is without doubt the most effective spiritual stand you can take. Ask the Lord for a strategy when you feel that you need to fast for a situation. By strategy I mean God's plan for the spiritual attack that you are about to launch on the enemy camp. And please remember Paul says in Ephesians 6, that our fight is not against flesh and blood, but against principalities and powers of darkness. The devil and his demons are your enemy, not your marriage partner, the "other" woman, man, children or relatives. So as you are about to go into spiritual battle ask the Lord to lead you, by giving you a fasting plan. (ie. number of days, scripture on which to stand, type of fast etc. - Read our book "Prayer & Fasting")

When God calls you to a fast you can be sure that He plans to do battle on your behalf and that the victory is already won, even before you begin! Just listen for His instructions, then obey and trust Him for the results. His battle plans never fail. Just as they never failed with the Israelite army, when

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek het 'n ruk gelede u gefaks sodat u moes bid vir my skoondogter wat gesukkel het om swanger te word. Prys die Here, Hom kom al die Eer toe, sy is nou 4 maande swanger! Mag die Here u seën en ook u bediening seën.

Mev Damons, Uitenhage

Baie, baie dankie vir u briefie. Dankie vir al die wonderlike leesstof. Ek waardeer dit baie, dankie vir u gebede vir die spastiese kolon, mantelvliesbreuk, maagseer en rumatiek. Na baie toetse het die dokter gesê ek het limfklierkanker, maar hulle was nie 100% seker nie. In die Naam van Jesus het ek en my kinders hierdie siektetoestand geweier. Ek het u sentrum geskakel vir voorbidding en baie vriende en familie het vir my gebid en my gesalf. Op die 18de September is weer toetse gedoen en op die 19de September bel die dokter my en sê: "Dis nie kanker nie, dis 'n gewas aan my lewer wat deur 'n operasie verwyder moet word." Alle eer aan God ons Skepper! Ek moet Maandag 29ste September in Medi-city, Worcester wees vir 'n operasie. Weereens vra ek asseblief vir voorbidding vir die operasie en mag die dokter verstom wees oor wat Jesus klaar in my liggaam gedoen het. Gods rykste seën aan u en die hele gebedspan. Ek sal u op hoogte hou van my genesing. Dankie Jesus! Al die Lof en Eer kon U toe. Liefdegroete.

Mev C Le Roux, Bonnievale

Gedurende September 2008, ongeveer 8 na 10 dae gelede het ons 'n faks na die Sentrum toe gestuur vir Ria Alberts van Potchefstroom wat aan hartversaking ly, te bid. Sy sou gaan vir 'n operasie en die inplanting van 'n pasaangeër. Nadat daar vir haar gebid is en sy by die hospitaal aangemeld het, was die dokter se bevinding dat nie die operasie op die pasaangeër meer nodig is nie en sy gesond is. Haar man Leon het gisteraand berig dat hy 'n nuwe vrou het en totaal 'n ander mens is. Al die eer aan die Here wat haar aangeraak het en u as instrument gebruik het.

Mnr en Mev O Venter, Brackenfell

Baie dankie vir u gebede by die Sentrum. Die Here het vir Mnr Anton van der Westhuizen van Bloemfontein aangeraak. Die kanker telling het geval van 14 na onder 1, wat minder as normaal is.

Dr L Bester, Bloemfontein

Ons was Maart 2007 by julle gewees vir voorbidding vir myself vir my hart asook my man Jan vir sy rug. Ek was 12 September weer vir my jaarlikse opvolg ondersoek by my kardioloog en dit gaan self beter as 'n jaar gelede. Baie dankie vir die werk wat julle vir die saak van die Here doen. Seënwense word julle toegebid. Liefde groete.

Mnr en Mev J Willer, Middelburg

Ek het so ruk terug vir julle 'n brief gefaks oor my pa wat in die hospitaal in ICU gelê het, en dat hy baie ernstig siek was met 'n tipe bloedsiekte en sy plaatjietelling wat so laag was. Wel, vandag wil ek net julle laat weet dat hy al langer as 'n maand terug by die huis is, sy telling is weer terug na normaal en alles lyk weer reg. Dokter, het vir ons gesê dat hulle nie vir hom hoop gehad het nie, en dat dit alles afgehang het van geloof en gebede. Hy het 'n seldsame bloedsiekte gehad en dokter het vir ons gesê dat 70% van die mense wat dit kry, sterf en die ander 30% herstel. Ek het vas geglo dat my pa deel is van daardie 30%. Daar was elke liewe dag plasma uitruiling gewees en bloed gegee, want dit was al wat hulle vir hom mediesgesproke kon doen. Wil net baie dankie sê vir almal se gebede en daarom wil ek julle vra om vandag die Here saam met my te loof en te prys vir sy goedheid. Wonderwerke gebeur nog. Dankie aan almal. Baie dankie!

Mej M Roodt, Klerksdorp

KENNISGEWING

Ons doen 'n baie dringende en belangrike oproep aan al ons vriende wat 'n faks vir gebed of versoek aan ons stuur, om die faks te beperk tot EEN BLADSY. Dikwels kry ons 'n faks van 3 tot 10 bladsye wat onmoontlik is om te hanteer. Gee asseblief basies net die naam, adres en versoek. Baie dankie vir julle samewerking.

BELANGRIKE BOEKE OOR DIE GESIN EN DIE HUWELIK

Vir verdere Bybelse informasie aangaande die huwelik en die gesin, raai ons u aan om die volgende boeke te lees wat vanaf die Stanger Christelike Sentrum beskikbaar is of op ons web www.stangerchristiancentre.co.za
'n Suksesvolle Huwelik (Boek nr. 36); Innerlike Genesing (Boek nr. 8); Wat verwag God van die Huisgesin (Boek nr. M4); Die Krag van Vergifnis (Boek nr. M64) en Die Vrou na aan God se Hart (Boek nr. 69).

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die belonging van….)

Hier sê God dat dit inderdaad maklik is om aan 'n goeie en sagte heer onderdanig te wees, maar as ons gewillig is om onder moeilike omstandighede onderdanig aan gesag te wees, net soos Jesus gewillig was om aan Sy Vader se Wil onderdanig te wees om na die kruis te gaan alhoewel Hy misverstaan was, bespot is en op gespoeg is deur hulle wat Hy geskape het, IS DIT WELGEVALLIG VIR GOD. Jesus het onregverdig gely, Hy en Sy Vader het dit geweet, maar omdat Hy Sy Vader volkome kon vertrou in die situasie, kon Hy onderdanig bly. Onderdanigheid het direkte verband met die graad van geloof wat ons in God se vermoë het om ons, in die situasie waaraan Hy ons onderwerp het, te verhoog, ongeag hoe ons behandel word. Hoofstuk 2 van 1 Petrus gaan direk oor in die eerste vers van hoofstuk 3, wat begin **"Net so moet julle, vroue".** God sê hier aan die vrouens, dat dit vir Hom welgevallig is as hulle aan hul mans onderdanig is met alle vrees, nie net aan die goeies en sagtes nie, maar ook aan die wat hard is. Met ander woorde, hulle moes net so aangeprys word soos die diensknegte aangeprys is wanneer hulle onderdanig aan hulle here was.

Daar is dus geen grond vir die argument dat 'n vrou SLEGS aan 'n wedergebore man onderdanig moet wees of as hy haar met liefde en respek behandel, of op die voorwaarde dat hy getrou aan haar moet wees.

Vrouens vra graag die volgende vraag: "Tot watter mate moet ek aan my man onderdanig wees, want ek woon met hom en jy weet nie hoe ek ly nie.?"

My antwoord is: SO VER AS JOU GELOOF KAN AANGAAN!

Petrus gebruik die uitstekende voorbeeld van Sara, in die Ou Testament. Ons ken die storie van hoe haar man Abraham, *ontken* het dat sy, sy vrou was en vir die koning van Egipte vertel het: "Sy is my suster." Dit moes vir Sara 'n baie traumatiese ondervinding gewees het, want wat kan erger vir 'n getroude vrou wees as dat haar man ontken dat sy sy vrou is. Om alles te bekroon, was sy aan die vleeslike lus van die koning blootgestel toe sy in sy harem beland het! Hoe swak het Abraham hierdie hele situasie hanteer.

Tog lees ons in **1 Pet.3:6: soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het.....**

Daar is geen woord van murmurering, geen rebellie, geen wanhoop of depressie nie! Inteendeel, sy spreek haar man steeds aan as heer.

Sara het die geheim ontdek dat om haar man onderdanig en gehoorsaam te wees, is sy eintlik aan die Here onderdanig en gehoorsaam. Haar onderdanigheid was dus AAN DIE HERE GOD en omdat sy Hom geglo en vertrou het met haar hele hart, was haar geloof in God groot genoeg om aan haar man onderdanig te wees selfs tot in die koning se harem! Die Here EER HAAR GELOOF en red haar sonder dat die koning 'n vinger op haar gelê het. God IS getrou!

Jy mag dalk vra: "Moet ek hom op sy aandrang volg en selfs sonde doen?" Dan is my antwoord: "NEE!" Maak net baie seker dat jy weier OMDAT DIT SONDE IS wat jou man wil doen en NIE OMDAT JY HARDKOPPIG IS EN JOU EIE SIN WIL KRY NIE! Moenie weier net omdat jy dink jou man maak 'n fout en jy nie wil hê andere moet van sy irrasionele besluite weet nie. Wees jy onderdanig – laat hom aangaan, selfs as hy 'n fout begaan. Dis ook nie te sê dat jy nie JOU opinie mag gee nie. Hy moet egter vir homself besluit, want HY sal die gevolge en verantwoordelikhede van sy keuses moet dra. Hy sal aan God verantwoording moet doen!

Met dit in gedagte kan ons weer na die situasie van Sara en Abraham kyk. As jy Gen.21:10-12 lees sal jy merk dat Sara nie met Abraham saamgestem het nie en God het Sara se kant gekies. Met ander woorde 'n vrou kan beslis haar mening lug en voorstelle maak, maar nadat sy dit gedoen het, gee sy die situasie en omstandighede vir die Here, vertrou Hom om in haar man se hart te werk.

Kom ons neem 'n praktiese voorbeeld: Wat van 'n wêreld se partytjie of ete waarheen jou man *verplig* is om te gaan weens sy werk? JOU plig is om aan sy sy te wees!

GAAN – die Here ken jou hart. Doen dit met 'n lied in jou hart *asof vir die Here* en gedra jou daarvolgens. Dalk kry jy 'n geleentheid by die ete om teenoor iemand te getuig!

As jou huwelik haglik of deurmekaar is, en jou man se eise totaal onredelik is, word bemoedig deur Sara se geval. Jesus het nog nooit verander nie: **"Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde!"** (Heb.13:8)

Begin werk aan 'n paar areas:

1. Jou gehoorsaamheid aan die Woord van God om onderdanig te wees aan jou man.
2. Jou geloof in God vir beskerming, leiding en dat omstandighede in lyn met Sy volmaakte wil en plan sal kom.
3. Geloof in God se beloftes vir die verlossing van jou man se siel en sy redding!

Soos ek reeds gesê het, AS JY JOU MAN GEHOORSAAM IN ONDERDANIGHEID AAN DIE HERE, sal jy vind dat dinge baie makliker is, jou geloof sal versterk word, omdat jy God se Hand in aksie sal sien. Jou man sal jou nederigheid en liefdevolle gesindheid raak sien en wees verseker dat die Here in jou man se lewe sal werk en die nodige veranderinge sal doen. Dit is 'n misleiding om te glo dat jy jou man kan verander deur te neul en hom hardkoppig te weerstaan. God sal die verandering bring in antwoord op jou gebede en vertroue in Hom, en as jy kies om in daardie Geestelike plek van onderdanigheid aan hom te wees.

Jy verstaan dalk nou waarom die Here in vers 1 van 1 Pet.3 sê dat as enigeen (van die mans) nie die Woord gehoorsaam nie, hulle gewen kan word SONDER WOORDE deur DIE GODVRESENDE WANDEL van hul vrouens. Let daarop dat SONDER WOORDE, argumenteer, neul en preek insluit. Vrouens wat hieraan skuldig is wen baie selde hul mans vir die Here!

Wanneer 'n huwelik begin wankel, veral as die man begin flirt, kan jy dikwels die oorsprong vind, toe die vrou opgehou het om liefde, waardering en deernis teenoor haar man te toon. Soos ons reeds bespreek het, is die sterkste wapen, waarmee 'n vrou haar man kan terugwen, vir haarself en vir Jesus Christus, HAAR LIEFDE.

Dit sou beter gewees het as hierdie wapen van liefde gereeld gebruik was om die huwelik te bewaar en te beskerm.

Waarom wag totdat so 'n krisis bereik is en dan liefde gebruik om dit te red en te herstel. Voorkoming is beter as genesing!

Die rede waarom 'n man 'n ander vrou se geselskap soek is gewoonlik omdat sy in hom en sy stokperdjies; dit waarvan hy hou en nie hou nie, belang stel en van sy geselskap hou. Dit kom eintlik daarop neer, dat sy hom belangrik laat voel, hom nodig het en waardeer.

Van mans word ook onderdanigheid verwag. In 1Kor.11:3 lees ons: **"Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man....."**

God verwag van mans om aan Christus gehoorsaam te wees en Sy Hoofskap en gesag in hul lewens te erken. As 'n man van sy vrou verwag om onderdanig teenoor hom te wees, moet hy verstaan dat God dieselfde onderwerping aan Christus, as sy Hoof en gesag, verwag. Indien 'n man nie onderdanig is nie, sal dit daartoe lei dat God sy seën sal terughou, nie net van homself nie maar ook van die hele gesin. As hoëpriester van sy gesin word geweldige verantwoordelikheid op die man geplaas. Dit is interessant dat in Genesis staan dat alhoewel dit Eva was wat die vrug in die Tuin van Eden geëet het, God vir Adam verantwoordelik gehou het vir die sonde. (1Tim.2:14)

Ons lees in 1Pet.3:7 dat die man se gebedslewe beïnvloed kan word deur sy ongehoorsaamheid aan God se Woord

(Vervolg op Bl. 8)

uit DR JAMES se kantoor

Geliefde in Jesus,

Omdat daar so baie so vinnig op die oomblik in die wêreld gebeur, wat elke faset van die lewe beïnvloed, het ons almal selfs meer bewus geraak van die dringendheid van die uur! As gevolg hiervan voel ek dat ek 'n baie interessante studie met u wil deel wat ek laas maand van Mark Warren uit Australië ontvang het, ek is seker dat u net so opgewonde soos ek sal wees toe ek dit gelees het.

WEES OP DIE UITKYK.

Wanneer die Messias kom sal Hy die vier lente Feeste van die HERE vervul wat in Lev. 23 opgeteken is.

Die Messias het op die Pasga gesterf. Hy is die Paasfees Lam van God, daarom het **Hy die Pasga vervul.**

So het **Hy** ook **die fees van Ongesuurde Brode vervul,** omdat Hy sonder suurdeeg was. Die Messias is die sondelose Brood uit die Hemel.

Jesus het ook **die fees van die Eerstelinge vervul** aangesien Hy die Eersteling vanuit die dode was. Die Messias is op die eerste dag van die week opgewek.

Pinkster of **Shavuot** is die volgende fees. En die Messias het hierdie fees **vervul** toe die Gees van God op die dissipels gekom het wat in Jerusalem gewag het vir die beloofde gawe (Hand. hoofstuk 2).

Al hierdie voorgeskrewe feeste is vasgestel vir die Lente maande van die Hebreeuse kalender; en die Messias het hulle met Sy eerste koms vervul.

Die Messias kom vir die tweede keer.

Aangesien Hy die bepaalde voorgeskrewe Feeste presies op hul dae vervul het met Sy eerste Koms, kan ons seker wees dat Sy tweede Koms sal plaasvind op die dae van die voorgeskrewe Feeste wat nog vervul moet word.

Hierdie voorgeskrewe Feeste wat nog vervul moet word vind plaas in die sewende maand (Tishrei), beginnende met die Fees van Trompette(die Dag van Versoening en uiteindelik Tabernakels).

Pastoor Mark Biltz, 'n Messiaanse (bekeerde Jood) in Bonny Lake, VSA, het sekere interessante ontdekkings aan die lig gebring aangaande die verskyning van son en maan verduisterings en die datums waarop hulle val gedurende die Hebreeuse Kalender.

Pastoor Mark verwys na die Hebreeuse woord vir tekens en vasgestelde dae, en verduidelik dat son en maan verduisterings in gedeeltes soos Joel 2:31: " **Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom ",** tekens is vir die wederkoms van die HERE, op die vasgestelde tyd. Sien ook Matt. 24 :29; Mark. 13:24; Openb. 6: 12.

Nadat hy die NASA webwerf ondersoek het, het pastoor Mark ontdek dat vier maansverduisterings (vier mane rooi soos bloed) sal plaasvind in 2014 en 2015. Belangriker nog is dat dit op vier belangrike dae in die Joodse Kalender sal verskyn.

Dit is twee bloedrooi mane op twee opeenvolgende Paasfeeste (twaalf maande uitmekaar 2014, 2015) en dan op twee opeenvolgende Tabernakels (ook twaalf maande uitmekaar 2014, 2015) – 'n Hemelse teken.

Die Hemelse teken sal nie weer in hierdie eeu gebeur nie. Dit vind slegs in 2014 en 2015 plaas.

Volgens die geskiedenis gebeur iets betekenisvol aangaande Israel, wanneer die soort Hemelse tekens verskyn.

Die vorige verslag van die bepaalde Hemelse teken was in 1967. Die stad Jerusalem is in Junie 1967 aan Israel teruggegee na 2500 jaar van Heidense beheer.

Voor 1967 het die Hemelse teken in 1949-50 verskyn, wat gevolg het op die hervestiging van die Staat Israel.

Verder terug in die geskiedenis het die Hemelse teken vir 'n aantal eeue nie plaasgevind nie; sy volgende verskyning was in 1492. Dit was die jaar toe die Joodse volk uit Spanje verban is.

Pastoor Mark het die verskyning van 'n sonsverduistering – wanneer die son donker word – bestudeer en het van die NASA webwerf ontdek dat twee sonsverduisterings gedurende die Jaar 2015 gaan plaasvind.

Verwysend na die Hebreeuse kalender sal een sonsverduistering plaasvind op die 1ste Nisan (die eerste dag van die godsdienstige jaar), terwyl die tweede ('n gedeeltelike verduistering) sal plaasvind op die 1ste Tishrei (Die Fees van Trompette), die begin van die burgerlike jaar, albei in die Jaar 2015.

Ter samevatting, vier rooi soos bloed mane en twee gebeurtenisse wanneer die son verduister, almal verskyn gedurende die belangrike, wat egter nog vervul moet word, voorgeskrewe Feesdae van die HERE.

Pastoor Mark sien die Jaar 2015 as baie belangrik vir Israel en vra alle gelowiges om op te let! As jy toegang tot die internet het, beveel ek aan dat jy die skakel hieronder volg om twee 30 minute sessies te kyk: http://kingdomengineers.wordpress.com/2008/05/03/blood-moon-eclipses-video-interviews/

Ek was geseën deur die twee onderhoude. Die tweede was veral spesiaal omdat aangegaan is met die tema van om op die uitkyk te wees, hier verduidelik Pastoor Mark uit die Skrif "Waarna Uitgekyk moet word".

Laat ons dus op die uitkyk wees en bid. God se Woord bevat vir seker baie wonderlike skatte en Hy openbaar hulle aan ons wanneer die tyd reg is vir ons om meer van Sy verborge waarhede daarin te weet. Ons dien 'n wonderlike God!

Weereens wil ons u opreg bedank vir u liefde, gebede en ondersteuning, alles wat onmisbaar vir ons is terwyl ons aanhou om hulle te bedien wat Ewige Verlossing en genesing van die gees, siel en liggaam nodig het. U is so 'n groot deel van die werk wat vanaf die Sentrum uitgaan en ons dank en prys ons Here vir u terselfdertyd wanneer ons u versoeke aan Hom bekend maak! Hy is getrou selfs wanneer ons Hom faal! Sy liefde en barmhartigheid is bo ons verstand, en Sy genade en krag bewaar ons daagliks! Dit is waarom ons Hom liefhet en Hom elke uur van elke dag wil dien omdat dit die goedheid van God is wat 'n mens tot berou lei. (Rom. 2:4)

Mag ek en u dag na dag nader aan Hom kom terwyl ons gretig op Sy koms wag.

Met baie liefde in Jesus, Dr James

(Continued from page 4 - A blessed family)

they were obedient. You will be amazed how He will show you what to do and when to do it. Be sensitive to His voice. We have so many testimonies of husbands, wives and children who were won to the Lord or back to the Lord and back to their

"...Therefore take up the whole armour of God, that you may be able to WITHSTAND in the evil day, and having done all to STAND. STAND therefore …"

marriage partners and parents through doing battle in prayer and fasting. If God be for you, who can be against you? In Ephesians 6:13 & 14 we are told: **Therefore take up the whole armour of God, that you may be able to WITHSTAND in the evil day, and having done all to STAND. STAND therefore ...** It is important that having done all that God requires of you, you STAND! Do not sit down, lie down or give up, but STAND. In this position of standing, fear not, be still and allow God to fight the battle on your

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.


GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

(Vervolg vanaf Bl 6 - Die belonging van….)



"...Soos elke man en vrou gehoorsaam is aan God se Woord sal hul verhouding die vrugte toon van hul onderdanigheid en Goddelike orde sal in hulle huwelik en huis bly. Onthou, dat dit noodsaaklik is om onsself altyd aan God te onderwerp en die duiwel te weerstaan, soos sy Woord in Jak.4:7 verklaar..."

aangaande sy verhouding met sy vrou.

NET SO moet julle, manne, verstandig met hulle (die vrouens) **saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is – SODAT JULLE GEBEDE NIE VERHINDER MAG WORD NIE.**

God beantwoord nie gebede van 'n man wat uit lyn met Sy Woord is deur nie by sy vrou te bly VOLGENS DIE KENNIS (die bevele van God se Woord), HAAR NIE TE EER NIE, HAAR NIE LIEF TE HÊ SOOS SY EIE LIGGAAM NIE en HAAR NIE TE VOED EN KOESTER NIE.(Efs.5:29).

Die vrou se gedrag en optrede mag nie die man beïnvloed van hoe hy haar moet behandel nie – SY OPTREDE moet ALTYD en onvoorwaardelik in lyn met die Here se opdragte wees! Hy is direk aan God verantwoordelik.

Onderdanigheid is 'n geloofshandeling volgens die Woord van God en laat God toe om in enige omstandigheid te onderneem. Die man moet geloof in God hê soos hy homself aan die Hoofskap van Jesus Christus, in alle dinge, onderwerp. Die vrou moet geloof in God hê soos sy haarself aan die man onderwerp soos aan die Here Jesus Christus.

Wanneer 'n huwelikspaar saam bid en saamstem volgens Mat.18:19, sal hul huweliksverhouding 'n nuwe dimensie binne gaan en sal baie gebede beantwoord word, omdat hulle SAAM erfgename is van die genade van die lewe. (1Pet.3:7).

Hoe ver strek onderdanigheid in die Liggaam van Christus (die Kerk)? Moet ons onderdanig wees aan elke ouderling, pastoor, leraar, profeet en apostel? Ja, volgens die Kerk orde moet ons onderdanig wees aan hulle as Geestelike leiers.

Efs. 5:21: **"en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God."**

Heb.13:17: **"Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie."**

Die kerkleiers het egter nie die gesag om in 'n getroude vrou se huishoudelike dinge in te meng nie. Haar man is die hoof en sy gesag vervang dié van die pastoor en ouderlinge. Die Kerkleiers kan wel raad gee en bedien, maar hulle kan nie die gehoorsaamheid van 'n getroude vrou eis nie.

Soos elke man en vrou gehoorsaam is aan God se Woord sal hul verhouding die vrugte toon van hul onderdanigheid en Goddelike orde sal in hulle huwelik en huis bly. Onthou, dat dit noodsaaklik is om onsself altyd aan God te onderwerp en die duiwel te weerstaan, soos Sy Woord in Jak.4:7 verklaar. ☐